# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.13**

---

Johannes 14:15, 21; Jakobus 1:22–25; Lukas 11:28; Matteus 7:24–27; 1 Samuel 15:22

**Geestelike groei en dissipelskap: Groei deur gehoorsaamheid**

GEHOORSAAMHEID is onontbeerlik vir geestelike groei. Jou mate van gehoorsaamheid bepaal die mate van gesag wat jy in die geesteswêreld sal hê. Jesus se hele lewe getuig van gehoorsaamheid. Eers was Hy gehoorsaam aan aardse ouers: “*Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig.*” (Luk. 2:51).

Toe algehele gehoorsaamheid aan die Vader: “*Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so.*” (Joh. 5:19).

Die eerste mens het die gehoorsaamheidstoets gefaal, maar Jesus, die tweede Mens, het deur Sy totale gehoorsaamheid die skeppingsdoel van die mens voor God herstel.

Hoekom Is Gehoorsaamheid vir ons só Moeilik?

Om werklik gehoorsaam te wees, moet ons heeltemal selfloos wees. Die eie-ek, ego, is ’n hindernis tot gehoorsaamheid. Sedert die eerste mens, verkies ons om eerder ons eie kop te volg. Ons wil ons eie weg baan. Self by die antwoorde uitkom. Ons wil nie voorgesê word nie. Hoeveel frustrasie word nie in die wêreld veroorsaak omdat mense net eenvoudig nie opdragte uitvoer nie? Die teendeel is ook waar: Mense wat van skool af die meeste gehoorsaam is, bereik dikwels die hoogste posisies. Die pasiënte wat die dokter se opdragte uitvoer, genees die vinnigste. Die kern van die woord gehoorsaamheid is: hoor. Ons kan ook nie werklik iemand anders hoor as ons nog vol is van self nie.

Die Hebreeuse woord vir gehoorsaam en hoor is dieselfde (1 Kon. 20:8): shama’ (shah-mah); Strong’s #8085: *To hear; to listen, consider, pay attention; to listen carefully and intelligently, to obey.* Die woord het ’n sekere intensiteit en erns. Die bekendste vers waar hierdie woord gebruik word, is Deuteronomium 6:4: “Sh’ma Yisrael! “*Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.*” Die gedagte van hoor en doen is die sentrale Credo van Judaïsme. Die woord, shama, is ook die kernwoord in Samuel se naam: “God het gehoor” (1 Sam. 3:20). Dit is duidelik dat gehoorsaamheid ’n ingesteldheid van die hart is. Ek is dus leeg van alle self, ingestel om te luister en begrip te verkry sodat ek presies kan gaan uitvoer wat van my verwag word.

Geloof en Gehoorsaamheid Werk Altyd Saam. Sonder geloof kan niemand God behaag nie (Hebreërs 11:6). Geloof se werke en vrug moet getuig van die openbaarmaking van Christus in jou lewe. En gehoorsaamheid is een daarvan.

- https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/stiltetyd/saam-deur-die-woord-vier-dimensies-van-dissipelskap/
- https://www.bybelkennis.co.za/rol-dissipelskap/

Dink bietjie:

- Wat is moeiliker: om te weet wat reg is, of om dit te doen?
- Waar stel jy gehoorsaamheid uit?
- Wat hou jou terug?

*Vir die groepgesprek:*

1. Wat beteken "gehoorsaamheid" vir jou persoonlik? Luister na elkeen se verstaan daarvan.

2. Hoekom dink julle is gehoorsaamheid belangrik in 'n verhouding met God?

3. Dink jy God verwag perfeksie, of 'n gewillige hart? Hoekom?

4. Wat keer 'n mens om gehoorsaam te wees (vrees, gemak, onsekerheid, ens.)?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. In Johannes 14:15, 21 kry ons Jesus se opdrag om lief te hê. Hoe verbind Jesus liefde en gehoorsaamheid in hierdie verse?

2. Lees Jakobus 1:22-25:
- Wat is die gevaar daarvan om net te hoor en nie te doen nie?
- Hoe vergelyk Jakobus iemand wat nie doen nie? Wat beteken dit?

3. Wat beteken dit om God se Woord te "bewaar" in Lukas 11:28? Hoe verskil dit van bewaar/doen?

4. Lees Matteus 7:24-27: Wat stel die "rots" en die "sand" voor?
Hoe help gehoorsaamheid jou om sterk te staan in moeilike tye?

5. Samuel antwoord in 1 Samuel 15:22: "Om gehoorsaam te wees, is beter as offerande…" … wat probeer Samuel vir Saul leer in hierdie vers?
Hoekom dink jy kies mense soms godsdienstige "aktiwiteite" bo gehoorsaamheid?

Gehoorsaamheid klink soms swaar, maar dit is eintlik die pad na vryheid. Wanneer ons God se pad volg, ontdek ons lewe, vrede en wysheid.

Groot groei begin dikwels met klein gehoorsaamheid:

- vergewe iemand
- praat die waarheid
- bid vandag
- help iemand in nood

Elke stap van gehoorsaamheid maak jou geloof sterker